HOËRSKOOL BASTION

GRAAD 8 EN 9 AKADEMIESE INLIGTING 2022

INHOUDSOPGAWE

1. Voogpersoneel
2. Vakpersoneel
3. Promosievereistes vir Graad 8&9
4. Vakke en verwagtinge vir Graad 8&9
   - 4.1 Afrikaans
   - 4.2 Engels
   - 4.3 Wiskunde
   - 4.4 Lewensoriëntering
   - 4.5 Sosiale Wetenskappe
   - 4.6 Skeppende Kuns
   - 4.7 Natuurwetenskappe (Lewens en Fisies)
   - 4.8 Tegnologie
   - 4.9 Ekonomiese Bestuurswetenskappe

5 Ekstra Inligting
   - 5.1 COVID Regulasies
   - 5.2 Dagboekie
   - 5.3 Maatskaplike dienste

6 Tien gebooie van menseverhoudinge

GRAAD 8-VAKPERSONEEL

o Afrikaans	-	Mee S Carstens; C Maartins;N Niemann en Mnr J Smith
o Engels	-	Me H Swanepoel; Mnre J Smith en M Burger
o Wiskunde	-	Mee A Badenhorst en N Muller
o Lewensoriëntering	-	Mnr A Swardt, Mnre T de Jongh en V de Kock, Me Y Koekemoer
o Skeppende Kuns		Mee M Smit en K van Greuning
o Natuurwetenskappe	-	Mee E du Preez, R Bezuidenhout en Mnr D Lamprecht
o Tegnologie	-	Mnre A Swardt, J van den Heever en H Kleinhans
o EBW	-	Mee B Botha en A Badenhorst, Mnr A Todd
o Sosiale Wetenskappe		Mnre Q Writes en V de Kock

GRAAD 8 – VOOGPERSONEEL

Graadhoof	**Me J du Toit: Akademie**
Graadvoogde	**Me M Marais (dogters): Dissipline**
	Mnr G Koekemoer (seuns): Dissipline

8B	-	Me A de Wit
8A		Mnr G Koekemoer
8S	-	Me A de Jager
8T	-	Mnr T de Jongh
8I	-	Me M Marais

GRAAD 9-VAKPERSONEEL

- Afrikaans - Mee C Maartins, N Niemann en Dr S Bothe-Smith
- Wiskunde - Me A de Jager
- Lewensoriëntering - Mnre A Swardt, T de Jongh en Me A de Wit
- Engels - Mee J du Toit, H Swanepoel
- Kuns en Kultuur - Me M Marais
- Natuurwetenskappe: - Me E du Preez en Mnre D Lamprecht, Q Writes
- Tegnologie - Mnre G Koekemoer, T de Jongh en A Swardt
- EBW - Mee B Botha, E Boshoff en Mnr A Todd
- MSW - Mnr Q Writes

GRAAD 9 – VOOGPERSONEEL

Graadhoof - Me A Badenhorst: Akademie
Graadvoogde - Me H Swanepoel (dogters): Dissipline
Mnr M Burger (seuns): Dissipline

9B - Me E du Preez
9A - Mnr M Burger
9S - Me H Swanepoel
9T - Mnr V de Kock
9I - Me C Maartins
9O - Me N Niemann

PROMOSIEVEREISTES : GRAAD 8 & 9

Graad 8 en 9 leerders se promosie word bepaal deur die volgende promosievereistes:

50% behaal in Afrikaans
40% behaal in Wiskunde **(Indien die leerder nie 50% in graad 9 behaal vir Wiskunde nie, MOET die leerder Wiskundige Geletterdheid neem in Graad 10)**
40% behaal in Engels
40% in ***drie*** oorblywende leerareas vanuit onderstaande leerareas:

- Skeppende Kunste
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Sosiale wetenskappe
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie

Hoewel die vereistes vir promosie baie hoog is, is dit nogtans vir elke leerder moontlik om aan hierdie vereistes te voldoen. Leerders het egter vragte vol selfdissipline en ondersteuning van ouers en ander geliefdes nodig!

Anders as voorheen kan daar nie aan hierdie vereistes voldoen word indien leerders slegs staatmaak op die resultate van toetse en eksamens nie! Portefeuljewerk, wat vanaf die eerste dag van die jaar gedoen word, bepaal grootliks die nakoming aan hierdie vereistes. Die ***Portefeulje***-punt tel 60% van die promosiepunt. Toetse en eksamens wat gedurende die jaar – tot aan die einde van kwartaal 3 – afgelê word, vorm deel van hierdie punt.
Die finale November eksamen tel 40% van die promosiepunt

SKOOLBELEID INSAKE PORTEFEULJETAKE:

VLAKKE : GRAAD 8 & 9 : 7-PUNT SKAAL

KODE	VLAKKE	%
7	Uitstekende prestasie	80 - 100
6	Meriete prestasie	70 – 79
5	Aansienlike prestasie	60 - 69
4	Voldoende prestasie	50 - 59
3	Middelmatige prestasie	40 - 49
2	Basiese prestasie	30 - 39
1	Uitkomste nie bereik nie (druip)	0 - 29

AKADEMIE

1. AFRIKAANS

AFRIKAANS HUISTAAL : ASSESSERINGSPROGRAM
GRAAD 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1		
TAAK 1: MONDELING	**TAAK 2: SKRYF**	**TAAK 3: TOETS 1**
Hardoplees	Verhalende / reflekterende opstel	Kontrole toets: respons op tekste
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2		
TAAK 1: MONDELING	**TAAK 2: SKRYF**	**TAAK 3: HALFJAAREKSAMEN**
Hardoplees	Transaksionele skryf: 2 Kort of 1 lank	Kontrole toets: Respons op tekste
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3		
TAAK 1: SKRYF	**TAAK 2: MONDELING**	**TAAK 3: TOETS 2**
Kreatiewe skryfprojek Stap 1: Navorsing Stap 2: Skryf	Stap 3: Kreatiewe skryfprojek – Mondelinge aanbieding	Kontroletoets: Respons op Leteratuur
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4		
TAAK 1: MONDELING	**TAAK 2: TRANSAKSIONELE SKRYF**	**TAAK 3: KONTROLETOETS**
Aanbieding van projek Begin reeds in Kwartaal 3	2 Kort of 1 lank	Respons op tekste

2. ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

Formal Assessment Activities Term 1 – 4 Grade 8 & 9

FOMAL ASSESSMENT ACTIVITIES FOR TERM 1		
TASK 1: ORAL	**TASK 2: ESSAY**	**TASK 3: CONTROLLED TEST**
Reading aloud	Descriptive, Narrative or Reflective	Controlled test: Response to texts
FOMAL ASSESSMENT ACTIVITIES FOR TERM 2		
TASK 1: ORAL	**TASK 2: TRANSACTIONAL WRITING**	**TASK 3: CONTROLLED TEST**
Reading aloud Continued	Transactional: 2 Short or 1 long	Controlled test: Response to texts
FOMAL ASSESSMENT ACTIVITIES FOR TERM 3		
TASK 1: CREATIVE WRITING PROJECT	**TASK 2: ORAL**	**TASK 3: CONTROLLED TEST**
Step 1: Research Step 2: Writing	Step 3: Creative writing project – Oral presentation	Controlled test: Response to Literature
FOMAL ASSESSMENT ACTIVITIES FOR TERM 4		
TASK 1: CREATIVE WRITING PRoject	**TASK 2: TRANSACTIONAL WRITING**	**TASK 3: CONTROLLED TEST**
Oral presentation (start in term 3)	2 Short or 1 long	Response to Texts

3 WISKUNDE

Formele Assesseringstake Wiskunde Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
TAAK 1	**TAAK 2**
Opdrag	Kontrole Toets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
TAAK 1	**TAAK 2**
Navorsingstaak	Eksamen
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
TAAK 1	**TAAK 2**
Opdrag	Kontroletoets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
TAAK 1	
Eksamen	

4. SOSIALE WETENSKAPPE

Formele Assesseringstake Sosiale Wetenskappe Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERNGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
GESKIEDENIS	**GEOGRAFIE**
Opdrag Kontrole toets	Opdrag Kontroletoets
FORMELE ASSESSERNGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
GESKIEDENIS	**GEOGRAFIE**
Opdrag Kontrole toets	Opdrag Kontroletoets
FORMELE ASSESSERNGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
GESKIEDENIS	**GEOGRAFIE**
Opdrag Kontrole toets	Opdrag Kontroletoets
FORMELE ASSESSERNGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
GESKIEDENIS	**GEOGRAFIE**
Opdrag Kontrole toets	Opdrag Kontroletoets

5 LEWENSORIëNTERING:

Formele Assesseringstake Lewensoriëntering Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
TAAK 1	**TAAK 2**
Geskrewe Taak (70%)	Beweegkunde (30%)
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
TAAK 1	**TAAK 2**
Kontroletoets (70%)	Beweegkunde (30%)
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
TAAK 1	**TAAK 2**
Geskrewe taak (70%)	Beweegkunde (30%)
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
TAAK 1	
Kontrole Toets (70%)	Beweegkunde (30%)

6 NATUURWETENSKAP:

Formele Assesseringstake Natuurwetenskappe Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
TAAK 1	**TAAK 2**
Praktiese opdrag	Kontrole Toets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
TAAK 1	**TAAK 2**
Praktiese opdrag/Navorsing	Kontrole Toets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
TAAK 1	**TAAK 2**
Projek	Kontroletoets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
TAAK 1	
Kontrole Toets	

7 SKEPPENDE KUNS:

GRAAD 8 & 9

Die twee kunsvorme waaroor die leerders geassesseer word is: Kuns
Drama

Formele Assesseringstake Skeppende Kuns Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
TAAK 1	**TAAK 2**
Visuele Kuns:Praktiese opdrag: 2D Kunswerk Praktiese Opdrag 3D Kunswerk	Drama: Praktiese Opdrag Drama Optrede
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
TAAK 1	**TAAK 2**
Visuele kuns: Praktiese 2D en 3D opdrag Geskrewe kontrole Toets	Drama: Praktiese Optrede Geskrewe Kontrole Toets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
TAAK 1	**TAAK 2**
Visuele Kuns:Praktiese opdrag: 2D Kunswerk Praktiese Opdrag 3D Kunswerk	Drama: Formele Praktiese Assessering
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
TAAK 1	
Visuele Kuns: Praktiese 2D opdrag Kontrole Toets	Drama: Praktiese Optrede Geskrewe Kontrole toets



8 TEGNOLOGIE:

Formele Assesseringstake Tegnologie Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1	
TAAK 1	**TAAK 2**
PAT 1: Ondersoek en Ontwerp	Kontrole Toets
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2	
TAAK 1	
Konrole toets	Geen
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3	
TAAK 1	**TAAK 2**
PAT 2: Ontwerp en maal	Geen
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4	
TAAK 1	
Kontrole Toets	

9 EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPE:

Formele Assesseringstake EBW Kwartaal 1 – 4 Graad 8 en 9

FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 1			
TAAK 1		**TAAK 2**	
Opdrag: Besigheidstudies	50	Kontrole Toets	50
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 2			
TAAK 1		**TAAK 2**	
Navorsingstaak	50	Kontrole Toets: Vraestel 1: Besigheidstudies Vraestel 2: Rekeningkunde	50 50
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 3			
TAAK 1		**TAAK 2**	
Projek	50	Kontroletoets	50
FORMELE ASSESSERINGSTAKE VIR KWARTAAL 4			
TAAK 1			
Kontrole Toets: Vraestel 1: Besigheidstudies Vraestel 2: Rekeningkunde	40 70		

EKSTRA INLIGTING

Basuiner

Ons weeklikse nuusbrief is beskikbaar op ons webblad www.bastionhs.co.za . Die nuusbrief word ook weekliks op D6 gelaai onder die opskrif "Bronne/Recourses". Maak asseblief seker dat u dié dokument gereeld lees en bly só op hoogte van gebeure in die skool. Die nuusbrief word elektronies op ons webblad geplaas.

COVID MAATREëLS

- Verseker asseblief dat u kind elke dag met skoon masker skool toe kom.
- Maskers moet te alle tye oor die leerder se neus en mond gedra word .
- Leerders word by die ingang van die skool gesaniteer en hulle temperatuur gemeet om die verspreiding van die virus te voorkom
- Indien u kind se temperatuur te hoog is (bo 37 grade) sal u gevra word om u kind huis toe te neem
- Leerders word met ingang en die uitgang van klaskamers gesaniteer, u is welkom om aan u kind sy/haar eie saniteermiddel te gee om deur die loop van die dag ook te saniteer.
- Leerders wat in kontak was met 'n positiewe leerder of persoon, isoleer nie tensy hy/sy simptome toon, waar leerder dan dadelik vir COVID toets moet gaan en die skool asseblief in kennis gestel moet word van die uitslag van die toets.
- Isolasietydperk vir leerders met simptome of wat positief getoets is, is ook verkort na 5 – 7 dae.

Akademie:

- Die departement skryf presies voor wat elke week vir vakke afgehandel moet word, personeel se tyd om te herhaal is uiters beperk. Derhalwe moet u kind dadelik dadelik vra as hy/sy agter is of nie verstaan nie. Intervensieklasse word daargestel as verpligte geleenthede tot ondersteuning.

Afsprake:

- Afsprake met personeel ens sal slegs gemaak word op afspraak en geen ouer kan sonder afspraak tot die skoolterrein toegelaat word nie.
- Wanneer u wel 'n afspraak het, gaan u aan dieselfde covid regulasies soos hierbo verduidelik ge onderwerp word.

Vir die veiligheid van ons personeel en u kind, versoek ons asseblief dat daar aan die bogenoemde regulasies te alle tye voldoen sal word

Dissipline in die algemeen:

Dit is vir ons van kardinale belang dat ons leerders se dissipline oor die algemeen onberispelik sal wees. Dit is nie vir ons aanvaarbaar dat leerders klasse ontwrig of ander leerders intimideer nie en daar sal streng teen individue wat hierdie gedrag openbaar, opgetree word. Die dissiplinêre- en gedragskode is in die dagboekie vervat en word in meer detail onder dié punt bespreek.

Klasdissipline

Speeltyd op skool is ongelukkig nou verby vir u kind. In die fase waarin u kind hom-/haarself tans bevind, is daar nie tyd om te mors nie. Die akademiese personeel sal kan bevestig dat die leerplanne baie vol is en dat kontaktyd baie min is. Indien 'n leerder sy/haar maats die geleentheid ontneem om optimaal in die klas te funksioneer deur swak gedrag, sál daar BAIE STRENG opgetree word teen daardie leerder!

Dis verder van die uiterste belang dat u kind **elke klas** in elkeen van sy/haar vakke sal bywoon. Indien hy/sy een periode misloop, is daar 'n gaping in sy/haar kennis. Daar is eenvoudig nie genoeg akademiese tyd om lesse oor te doen ter wille van een leerder wat afwesig was nie. Leerders sal SLEGS uitgeteken word om die terrein vroeër te verlaat as dit 'n dringende saak is. (Kampe en verjaardagvieringe is ongelukkig nie belangrik genoeg om akademiese tyd voor op te offer nie!) Onthou ons is streng, omdat dit in u kind se belang is!

Dagboekie

Elke leerder het reeds 'n blou dagboekie ontvang. Ouers word versoek om gereeld te kyk wat in die boekie aangeteken is.

- *Persoonlike inligting*
  Die teenblad van die voorblad van die dagboekie dien as identiteitsdokument vir u kind. Ons verwag dat die leerder hierdie bladsy **volledig sal voltooi en dat u as ouer(s)** op die gegewe plekke sal teken. Indien u kind 'n probleem het om 'n foto te verskaf, kan hy/sy met sy/haar voogonderwyser reël dat 'n foto by die skool geneem word. Daar is GEEN verskoning vir 'n dagboekie sonder 'n foto nie.

- *Bel-'n-Pel*

  Op bl. 7 is daar ruimte vir telefoonnommers van maats wat dieselfde vakke as u kind in dieselfde sleutel neem. Indien u kind om een of ander rede afwesig is, word daar van hom/haar verwag om sy/haar buddies te kontak en uit te vind wat sy/haar huiswerk is. Afwesigheid is dus NIE 'n verskoning vir huiswerk wat nie gedoen is nie!

- *Gedragskode (Bl 16)*

  Toe u u kind by die skool ingeskryf het, het u en u kind onderneem om by die gedragskode van die skool te hou, deur op die inskrywingsvorm te teken. Neem asseblief kennis van hierdie onderneming wat u geteken het, en bestudeer die gedragskode saam met u kind. Maak asseblief seker dat u die ooreenkoms op Bl 16 in die dagboekie weer saam met die leerder onderteken

- *Merietes, versuime en detensies*

  Leerders ontvang merietes vir voorbeeldige gedrag en goeie akademiese prestasie, maar ook versuime vir kode <u>1- oortredings</u>. (Voorbeelde op bl. 35 en 36) Drie kode 1-oortredings het 'n detensie tot gevolg. Vir 'n kode <u>2-oortreding</u> word detensie-aanmelding direk uitgeskryf. Wanneer 'n leerder vir 'n detensie aangemeld is, word 'n kennisgewing op bl 166-169 gemaak. 'n Leerder kan slegs van 'n detensieklas verskoon word indien 'n doktersbrief ingehandig kan word. Die leerder sal dan die detensieklas op

'n alternatiewe datum moet bywoon. As hy versuim om die klas by te woon sal twee addisionele detensies toegeken word.

In geval van herhaaldelike kode 1-oortredings of kode 2 en 3 oortredings word daar intern 'n korrektiewe verhoor of ekstern 'n dissiplinêre verhoor gehou waar die ouers se teenwoordigheid ten sterkste aanbeveel word.

- *Toestemming om die terrein te verlaat*:

  Indien daar 'n dringende saak is wat veroorsaak dat u kind vroeër moet huis toe gaan, moet u asseblief 'n kort briefie skryf, verkieslik in die dagboekie self, by die datum, maar ook 'n aantekening maak op bl. 162-165 en daarby teken. Ons verkies dat u NIE sal toelaat dat u kind in so 'n geval huis toe stap nie. Die veiligheidsrisiko is eenvoudig te groot. Verder versoek ons dat u in die brief sal meld indien iemand anders as u as ouer die kind gaan kom haal. Verskaf in so 'n geval 'n telefoonnommer wat ons kan skakel.

Afwesighede:

Dit is baie belangrik dat elke leerder elke lesperiode benut. Ouers moet asseblief saamwerk om afwesighede tot die minimum te beperk. Kontaktyd met onderwysers is uiters beperk wanneer eksamendae en vakansiedae in berekening gebring word.

In dié verband is klasbywoning dus vanselfsprekend. 'n Leerder kan nie bekostig om te "bunk" nie. So raak 'n leerder agter en die werk hoop op. Elke dag se vrag werk moet daagliks afgehandel word.

Indien 'n noodgeval ontstaan en 'n leerder klastyd misloop, moet toestemming deur Adjunkhoof of Graadhoof verleen word en leerders moet volgens die skoolprosedures uitgeteken word. (Uiteensetting in die huiswerkboekies).

Afwesighede moet op die dag van afwesigheid telefonies aangemeld word of skriftelik by die voogonderwyser sodra die leerder terug is by die skool. Afwesighede tydens toetse of eksamen moet met 'n doktersertifikaat gerugsteun word. Indien die leerder nie 'n mediese sertifikaat inhandig nie, kan die leerder nie geleentheid kry om die hereksamen af te lê nie en die leerder ontvang dus GEEN punte vir daardie toets of portefeuljeopdrag of eksamen nie.

Indien leerder vir 10 aaneenvolgende dae afwesig was, sonder geldige skriftelike verskoning, word die leerder van die register verwyder(gederegistreer)

Leerders wat vir 10 dae of langer afwesig is, se inligting word dadelik aan die Onderwysdepartement deurgegee, aangesien dit met promosies aan die einde van die jaar in aanmerking geneem word.

Verlof om vroeër huis toe te gaan

Ouers moet asseblief die leerder se dagboekie by die datum teken asook die tyd en 'n rede verskaf waarom die leerder vroeër moet vertrek.

Let asseblief daarop dat ouers die leerder persoonlik by die kantoor moet uitteken. Leerders moet in die **skoolportaal** afgehaal word. Geen leerder word toegelaat om die terrein te verlaat **sonder** 'n toestemmingsbrief van die kantoor nie.

Dissiplinêre maatreëls

Dit is van uiterste belang dat u kennis neem van die skool se dissiplinestelsel
Verwagtinge wat aan u kind gestel word, asook u kind se optrede by die skool, word in die dagboekie weerspieël. Bestudeer asseblief gereeld die dagboekie.

Versuime, Detensies en Remediëring in dagboekies

Neem asseblief kennis van die aantekening van versuime, merietes en detensies in die dagboekies (bl 168 - 183). Ons doen asseblief 'n beroep op u om boekies deeglik na te gaan en te teken by die meriete en versuime.
Drie algemene versuime lei tot detensie, terwyl akademiese versuime lei tot remediëring (wat nie 'n straf is nie). Wanneer 'n leerder 'n aanmelding vir detensie of remediëring kry, word dit in die dagboekie aangeteken en u as ouer moet daarby teken. Dit sal in 'n groot mate die briewe wat leerders in die verlede ontvang het, vervang.

Telefoniese navrae/ Boodskappe

Telefoniese boodskappe word slegs aan personeel deurgegee. Personeel gee aandag daaraan sodra klasse afgehandel is, indien u geen antwoord binne 24 uur ontvang nie, stuur asseblief epos na hoof@bastionhs.co.za **Geen boodskappe sal vir leerders geneem word nie**.

Beperk asseblief telefoniese navrae tot die absolute noodsaaklike. Wees asseblief op hoogte van die skoolprogram wat weekliks deur die nuusbrief nl. die Basuiner aan u gegee word. Gebruik asseblief die leerder se dagboekie vir direkte kommunikasie.

Ons doen asseblief 'n beroep op alle ouers om die D6 kommunikator af te laai aangesien daar daagliks huiswerk en ander belangrike inligting, deurgegee word.

Kommunikasie:

- Alle kommunikasie word op die volgende platforms deurgegee:
* D6 Koomunikator
* WhatsApp groepe: Ouergroepe sowel as leerdergroepe
* Teams (sodra tablette beskikbaar gestel is aan alle leerder.)

Tien gebooie van menseverhoudings

1. Praat met mense.
2. Glimlag vir mense.
3. Noem mense op die naam.
4. Wees vriendelik en behulpsaam.
5. Wees altyd hoflik.
6. Stel opreg in mense belang.
7. Wees vrygewig met lof.
8. Neem ander se gevoelens in ag.
9. Wees bedagsaam teenoor ander se menings.
10. Wees op en wakker om diens te lewer!